# WET OP NASIONALE ERFENISHULPBRONNE (Wet 25 van 1999)

## VOORGESTELDE BEWARINGSRAAMWERK, ERFENISOOREENKOMS EN INVENTARIS VIR DIE SES KAMPUSSE VAN DIE UNIVERSITEIT KAAPSTAD (Erfenis Wes-Kaap Verwysing 21090806)

Kennis geskied hiermee dat ’n konsep Bewaringsraamwerk, Erfenisooreenkoms en Inventaris, saamgestel om die vereistes van Artikels 42 en 30 van die Nasionale Wet op Erfenishulpbronne na te kom, mettertyd by Erfenis Wes-Kaap (EWK) ingedien sal word vir besluite kragtens hierdie bepalings, om voorsiening te maak vir meer duidelikheid in besluitneming omtrent ontwikkeling op die ses Universiteitskampusse oor die algemeen. Die ses kampusse is die Hiddingh Kampus in Tuine, die Boonste of Hoofkampus in Rondebosch, die Middel en Laer Kampus in Rondebosch, die Middel en Laer Kampus in Rosebank, die Studentekoshuisgebied in Mowbray en die Gesondheidswetenskappe Kampus in Observatory.

Hierdie proses word onderneem saam met ’n grondgebruikbeplanningsproses (’n plannepakket, met ontwikkelingsraamwerk en gebiedsplanne, ingelig deur hierdie erfenisstudies), wat gelyktydig met hierdie Bewaringsraamwerk, Erfenisooreenkoms en Inventaris geadverteer word.

Belanghebbende en geaffekteerde partye kan die konsep Bewaringsraamwerk, Erfenisooreenkoms en Inventaris en die grondgebruikbeplanningsverslag vind en aflaai by **http://www.uct.ac.za/main/explore-uct/strategic-plan/idf** .

Enige navrae met betrekking tot hierdie voorstel en dokumente kan skriftelik per e-pos gerig word aan Stephen Townsend en / of Claire Abrahamse by UCTheritagecomments@yahoo.com en kommentaar met betrekking tot die voorstel of enige van hierdie komponente moet teen **23 Augustus 2022** ontvang word.

Die uiteindellike voorlegging van die Bewaringsraamwerk, Erfenisooreenkoms en Inventaris aan EWK sal al die kommentaar insluit wat teen die sperdatum ontvang is (indien moontlik, sal laat kommetaar ingesluit word).

Persone wat ’n belang geregistreer het in hierdie aangeleendheid, sal mettertyd ingelig word omtrent die EWK komiteevergadering(s) waar besluite in hierdie verband geneem sal word, en hulle sal ook ingelig word van die besluit, sodra dit deur EWK geneem word.

UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Unleash human potential for a fair and just society
UCT Vision 2030